higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

7 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

092Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kritiese denkvaardighede sal studente in staat stel om … te gebruik om probleme op te los wat hulle moontlik kan ondervind.

A memorisering
B redenering
C kla
D kennis

1.2 Om verskillende standpunte te ontleed, moet 'n persoon dit …

A vergelyk.
B memoriseer.
C verstaan.
D oordeel.

1.3 Kritiese denke kan ook as … denke beskryf word.

A sensoriese
B emosionele
C kreatiewe
D psigomotoriese

1.4 'n … is 'n rede wat ter ondersteuning van of teen iets aangevoer word.

A Voorbeeld
B Konsep
C Uitsondering
D Argument

1.5 'n … vraag het gewoonlik 'n langer antwoord en vereis kritieke denke.

A Basiese
B Eenvoudige
C Oop
D Geslote

1.6 Die … is 'n vraagstellingsmetode wat dikwels in ondernemings en vir groot projekte gebruik word.

A 'maar hoekom?'-ontleding
B 'waarom en wanneer'-ontleding
C SWOT-ontleding
D 'waar en hoe'-ontleding

Kopiereg voorbehou

1.7 Die SWOT-analise maak op … vrae staat wat studente aanmoedig om krities te dink.

A oop
B geslote
C maklike
D interessante

1.8 … het geglo dat onderwys 'n dialoog en gesprek tussen onderwysers en studente moet wees.

A David Werner
B Paulo Freire
C Abraham Maslow
D John Smith

1.9 … het die 'maar hoekom'-metode van kritiese denke ontwikkel.

A David Werner
B Paulo Freire
C Die Harvard Business School
D Abraham Maslow

1.10 Die … word dikwels deur joernaliste en verslaggewers gebruik om seker te maak dat hulle alles uitvind oor 'n storie wat hulle kan.

A SWOT-metode
B metode van vyf W's en 'n H
C 'maar hoekom?'-metode
D metode van vier oop vrae

1.11 Die teorie wat sê dat 'n baba besef voorwerpe verdwyn nie net omdat dit nie gesien kan word nie, word … genoem.

A stilstaande voorwerpe
B voorwerppermanensie
C tydelike voorwerpe
D voorwerppersepsie

1.12 'n Baba van ongeveer drie maande oud kan …

A sy/haar ma se gesig en gesigsuitdrukkings herken.
B die vermoë verloor om die verskil tussen klanke van verskillende tale te hoor.
C visuele stimuli met ouditiewe stimuli verbind ten einde verhoudings te vorm met mense wat met hom/haar praat.
D egosentriese spraak begin gebruik.

Kopiereg voorbehou

1.13 Die eerste bewegings wat 'n pasgebore baba maak, word … genoem.

A mylpaalbewegings
B waarnemingsbewegings
C refleksbewegings
D affektiewe bewegings

1.14 Sensoriese ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van …

A fyn motoriese vaardighede.
B groot motoriese vaardighede.
C die brein.
D die sintuie.

1.15 Die gevoel van … is die eerste sintuig wat by 'n baba ontwikkel.

A gevoel
B sig
C smaak
D reuk

1.16 Die brein van 'n kind van … jaar is dieselfde grootte as wat dit sal wees wanneer die kind 'n volwassene word.

A drie
B twee
C vyf
D ses

1.17 … verwys na die neiging om te verkies om een hand eerder as die ander een te gebruik.

A Waarneming
B Bekwaamheid
C Handigheid
D Outonomie

1.18 Tussen geboorte en die ouderdom van ses weke sal 'n baba in die … wees.

A fase van duidelike gehegtheid
B fase van gehegtheid in wording
C pregehegtheidsfase
D wedersydse verhouding

1.19 Die drie vernaamste style van gehegtheid wat babas tydens die fase van duidelike gehegtheid aan hulle versorgers toon, is …

A vermydend, geborge en angstig
B vermydend, angstig en ambivalent
C vermydend, ambivalent en afsydig
D vermydend, afsydig en ambivalent

Kopiereg voorbehou

1.20 Erikson se teorie van … ontwikkeling bestaan uit agt stadiums.

A kognitiewe
B psigo-emosionele
C spirituele
D sosio-affektiewe

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte opsie uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 ’n Leerder wat graad 9 voltooi het, het ’n kwalifikasie van NKR-vlak (een/twee).

2.1.2 Fundamentele vakke is vakke wat (verpligtend/nie-verpligtend) is.

2.1.3 Menslike en sosiale ontwikkeling is een van die drie (fundamentele vakke/kernvakke) in die TBOO- beroepsgerigte kurrikulum.

2.1.4 ’n (Kernvak/Keusevak) is ’n vak wat gekies kan word in die TBOO-beroepsgerigte kurrikulum.

2.1.5 Graad 11 is op NKR-vlak (vier/drie).

2.1.6 Kinders wat op skool sukkel kan (korrektiewe/remediërende) hulp kry.

2.1.7 Die kurrikulum poog om (sensitief/rigtinggewend) te wees teenoor mense se reg op onderwys.

2.1.8 Witskrif (5/6) maak voorsiening vir gestremde leerders in die hoofstroomonderwys.

2.1.9 (Inklusiwiteit/Vooroordeel) beteken dat leerders wat gestremd is, aan ’n les kan deelneem.

2.1.10 Ontwikkelingsuitkomstes fokus op die persoonlike (lewensvaardighede/eienskappe) wat leerders moet opdoen wanneer hulle die onderwysstelsel verlaat.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.2.1 Mense wat dieselfde waardes en norme deel, kan 'n gemeenskap genoem word.

2.2.2 Die buurtwag is 'n voorbeeld van 'n gemeenskapsnetwerk.

2.2.3 Stereotipering is 'n voorbeeld van 'n intrinsieke hindernis tot leer.

2.2.4 Maatskaplike geregtigheid is een van die kurrikulumbeginsels wat 'n opvoedkundige in gedagte moet hou wanneer onderrig en leer plaasvind.

2.2.5 Diagnostiese assessering kan 'n opvoedkundige help om die sterkpunte en swakpunte van 'n leerder te identifiseer.

2.2.6 Basislynassessering word gewoonlik aan die einde van 'n fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet.

2.2.7 Gekristalliseerde intelligensie verwys na die kennis en vaardighede wat deur ondervinding opgedoen word.

2.2.8 Mense met 'n hoë intelligensiekwosiënt verstaan hulle eie emosies en die emosies van ander mense baie goed.

2.2.9 Die sosiale kwosiënt is die meting van hoe goed 'n individu op interpersoonlike verhoudings reageer.

2.2.10 'n Lae sosiale kwosiënt moet as hindernis tot leer beskou word, en onderwysers kan nie help om die probleem reg te stel nie.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Intelligensie van mense wat diep vrae vra en wat na betekenis en 'n doel in hulle lewe soek	A	vloeibare intelligensie
3.1.2	Die studie van hoe die interaksie tussen twee mense se breins werk	B	spirituele intelligensie
3.1.3	Die intelligensievermoë waarmee ons gebore word	C	verstandsouderdom
3.1.4	Elke individu kan oor enige van die sewe verskillende soorte intelligensie beskik	D	sosiale neurowetenskap
3.1.5	'n Meting van intelligensie op grond van die gemiddelde vermoëns van kinders van 'n bepaalde ouderdomsgroep	E	meervoudige intelligensie
3.1.6	Die teoretikus wat die eerste IK-toets ontwikkel het	F	Alfred Binet
3.1.7	'n Standpunt, oordeel of gevoel oor iemand of iets	G	opinie
3.1.8	'n Argument wat teen 'n ander argument aangevoer word	H	redenering
3.1.9	'n Goeie gevoel of begrip van dinge en die vermoë om akkuraat te oordeel	I	retories
3.1.10	'n Vraag wat nie 'n antwoord vereis nie	J	Francis Galton
		K	teenargument

(10 × 1) (10)

3.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verwysing; universiteite; onderstut; emotiewe; afsluit; Wikipedia; oordryf; Harvard; NKR; SAKO

3.2.1 … taal is kleurvol en het ten doel dat gehoor hulle situasies moet verbeel wat 'n bepaalde emosie sal voortbring.

3.2.2 Om te … is om te laat blyk dat iets meer is as wat dit werklik is.

3.2.3 Wanneer jy 'n argument … , som jy dit op deur 'n kort verduideliking van jou standpunt te gee.

3.2.4 … is wanneer jy vir jou lesers sê waar jy jou bewyse gekry het.

3.2.5 Die …-verwysingstelsel word regoor die wêreld gebruik.

3.2.6 Die webwerwe van … is gewoonlik betroubaar om te gebruik wanneer jy navorsing oor 'n onderwerp doen.

3.2.7 … is nie die betroubaarste webwerf om te gebruik wanneer jy navorsing doen nie.

3.2.8 Die …-stelsel sorg dat alle kwalifikasies van alle onderwysinstellings aan dieselfde standaarde voldoen.

3.2.9 'n …-identiteitsnommer help studente om geakkrediteerde kwalifikasies te identifiseer.

3.2.10 … beteken om te ondersteun of die grondslag van iets te vorm.

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Zandile is 'n haarkapster. Sy is die alleeneienaar van 'n onderneming. Sy het die onderneming vier jaar gelede gestig met 'n skenking wat sy van 'n NRO ontvang het. Ná vier jaar in die sakesektor besef sy dat haar onderneming nie genoeg wins maak nie en dat sy krities moet dink ten einde haar sakeplan te verbeter.

4.1	4.1.1	Dink jy dat die SWOT-analise Zandile sal help om krities te dink oor die pad vorentoe vir haar onderneming? Antwoord slegs 'JA' of 'NEE'.		(1)
	4.1.2	Gee VIER redes vir die antwoord op VRAAG 4.1.1.	(4 × 2)	(8)
4.2		Noem DRIE oop vrae wat haar kan help om tydens 'n SWOT-analise inligting te bekom.	(3 × 2)	(6)
4.3		Noem TWEE moontlike sterkpunte van 'n haarkapperonderneming.	(2 × 2)	(4)
4.4		Noem TWEE moontlike bedreigings vir 'n haarkapperonderneming.	(2 × 2)	(4)
4.5		Evalueer die belangrikheid van kritiese denke in 'n onderneming.	(3 × 1)	(3)
4.6		Beveel TWEE moontlike oplossings aan vir 'n onderneming wat nie genoeg wins maak nie.	(2 × 2)	(4)
				[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die VIER verskillende gebiede van psigomotoriese ontwikkeling wat in die volgende prente uitgebeeld word.

PSIGOMOTORIESE ONTWIKKELING

5.1.1





5.1.3



5.1.4



[Bron: *www.google/images.co.za*]

(4 × 1) (4)

Gehegtheid beteken om bymekaar te wees en/of verbind te wees. Dit kan ook beskryf word as die emosionele band tussen die kind en die ouers, en later tussen die volwassene en sy/haar vriende en romantiese maat.

5.2 Wie het die etologiese gehegtheidsteorie ontwikkel? (1)

5.3 Bespreek die eerste DRIE stadiums van gehegtheid. (3 × 2) (6)

5.4 Noem DRIE belangrike uitkomstes wat 'n positiewe gehegtheid tussen 'n baba en sy/haar ma tydens die vroeë jare van die baba se lewe op die baba sal hê. (3 × 2) (6)

Kohlberg het die teorie van morele ontwikkeling ontwikkel. Individue begin hulle moraliteit op 'n jong ouderdom ontwikkel, en hierdie moraliteit ontwikkel in stadiums wat deur drie vlakke beweeg.

5.5 Voltooi die volgende tabel deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.5.1–5.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Stadium van morele ontwikkeling	**Ouderdomsgroep waarin die stadium begin ontwikkel**	**Individue grond hulle moraal op …**
Prekonvensionele morele redenering	(5.5.1)	hulle ouers se reaksies.
(5.5.2)	(5.5.3)	(5.5.4)
(5.5.5)	Volwassenheid	die werklikheid volgens hulle eie beginsels.

(5 × 1) (5)

5.6 Onderskei tussen die volgende:

5.6.1 Emosionele kwosiënt

5.6.2 Spirituele kwosiënt

(2 × 2) (4)

5.7 Bespreek hoe 'n chronies siek ma se gesondheid die ontwikkeling van haar baba negatief kan beïnvloed in terme van kognitiewe ontwikkeling. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

Albert Einstein is bekend vir sy wetenskaplike vergelykings. Hy het nooit 'n IK-toets afgelê nie, maar daar word geskat dat hy 'n IK van 160 gehad het. Daar word geglo dat sy gawe te danke is aan 'n kombinasie van 'n spesiale brein en die omgewing waarin hy geleef het.

Daar is ander soorte intelligensie soos emosionele en sosiale intelligensie. Emosioneel intelligente mense word as charismaties en toeganklik beskou. Hulle is hoogs suksesvol by die werk en in verhoudings.

Daarbenewens is daar twee algemene soorte intelligensie, naamlik vloeibare en gekristalliseerde intelligensie.

6.1 Verduidelik hoe 'n persoon se intelligensie deur 'n stimulerende omgewing beïnvloed kan word. (3 × 2) (6)

6.2 Verduidelik kortliks Wigotski se teorie van kognitiewe ontwikkeling deur na die volgende te verwys:

6.2.1 Die sone van proksimale ontwikkeling (SPO)

6.2.2 Die invloed van kultuur op leer (2 × 2) (4)

6.3 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is vir werkgewers om emosioneel intelligente mense in die werkplek aan te stel. (2 × 2) (4)

6.4 Verduidelik die uitwerking wat die lae emosionele intelligensie van 'n ouer op 'n kind se ontwikkeling kan hê. (2 × 2) (4)

6.5 Daar word gesê dat empatie meer tel as woorde.

Verduidelik die kragtige uitwerking wat empatie in Suid-Afrikaanse gemeenskappe kan hê. (2 × 2) (4)

6.6 Verduidelik die belangrikheid van die volgende ontwikkelingsuitkomstes in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika:

6.6.1 Kulturele sensitiwiteit

6.6.2 Entrepreneursvaardighede

6.6.3 Verantwoordelike burgers

6.6.4 Estetiese sensitiwiteit

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 7

'Elkeen is 'n genie. Maar as jy 'n vis oordeel aan sy vermoë om 'n boom te klim, sal hy sy hele lewe lank glo hy is dom.' (Albert Einstein)

7.1 Noem VIER eienskappe van uitkomsgebaseerde onderrig. (4 × 1) (4)

7.2 Gee DRIE redes waarom dit goed is om verskillende assesseringsmetodes te gebruik om kinders te assesseer. (3 × 2) (6)

7.3 Teken 'n kopkaart van VIER ekstrinsieke hindernisse tot leer wat kinders wat uit 'n agtergrond van armoede kom, moontlik kan ondervind. (5)

7.4 Noem TWEE praktiese maniere waarop 'n opvoedkundige leerders kan help om die volgende intrinsieke hindernisse tot leer te oorkom:

7.4.1 Mishandelde leerders

7.4.2 Honger leerders

7.4.3 Leerders met fisieke gestremdhede

(3 × 2) (6)

7.5 Definieer die volgende assesseringsmetodes:

7.5.1 Diagnostiese assessering

7.5.2 Formatiewe assessering

(2 × 2) (4)

7.6 Gee TWEE redes waarom die NKR belangrik is. (2 × 2) (4)

7.7 Wat is die minimum ouderdom waarop leerders die skool kan verlaat in Suid-Afrika? (1)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n opsie uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

5; 6; ontmoedig; gelykheid; tegniese en beroepsgerigte onderwys en opleiding; hoër onderwys en opleiding; insluiting; leeruitkomstes; maatskaplike geregtigheid; bemagtig; KKTU's

8.1.1 Deur voortdurende onderwys word leerders … om hulle leer in hulle eie hande te neem. (1)

8.1.2 NKR-vlakke 5–9 is deel van die band van … . (1)

8.1.3 NKR-vlakke 2–4 is deel van die band van … . (1)

8.1.4 Die beleid van … stel gestremde gemeenskapslede in staat om aan die ontwikkeling van Suid-Afrika deel te neem. (1)

8.1.5 Witskrif … voorsien kinders van 'n vaste grondslag vir hulle opvoeding. (1)

8.1.6 Witskrif … sê dat alle leerders gelyke geleenthede moet hê om sukses in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te behaal. (1)

8.1.7 … het 'n spesifieke fokus en is uniek aan elke vak. (1)

8.1.8 Die Suid-Afrikaanse grondwet bevorder … en … . (2)

8.2 Noem VIER projekte wat 'n gemeenskap kan onderneem om kinders met gestremdhede te help om hoofstroomskole by te woon. (4 × 2) (8)

8.3 Noem TWEE positiewe resultate van 'n inklusiewe leeromgewing. (2 × 1) (2)

8.4 Bespreek kortliks waarom dit belangrik is vir leerders om mekaar met respek te behandel. (1 × 1) (1)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou